# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

"Be curious, not judgmental." Walt Whitman

Dié aanhaling het ek in 'n kort tydjie op so baie plekke gehoor en dit tref my elke keer só dat dit in my kop bly maal.
Dit is soveel meer as net 'n aanhaling, dit voel meer soos 'n riglyn om jou deur die lewe te lei. Almal van ons verskil van mekaar op soveel maniere bv geloof, ras, kultuur, opvoeding, ens. Dit is so maklik om dan, omdat jy nie die ander persoon verstaan nie, op sy doen en late sommer te veroordeel. Dit is 'n groot probleem in ons land, maar mens kan dit sommer net hier by ons in die Koue Bokkeveld ook ervaar.
Ek dink dit is 'n belangrike les vir elkeen van ons kinders in ons skool om te leer en miskien 'n goeie besprekingspunt vir gesinne om met mekaar te hê. Elkeen van ons kinders gaan in hulle lewe met ander mense wat anders as hulle dink en doen te doen hê of dit in die hoërskool of selfs later in hulle volwasse lewe is. Kom ons leer hulle om nuuskierig oor ander te wees in plaas daarvan om veroordelend te wees.
Daar gebeur soveel lekker dinge by ons skool dat ons niks anders as dankbaar kan wees nie. Ons toer Stilbaai toe en die hele skool se besoek aan die Artscape en nog vele meer dien as voorbeelde. Dankie aan almal wat die atmosfeer hier so positief maak en help hou.
Beste wense aan elke gesin.

*Pieter de Bruyn*



## WAARDES

### UITNEMENDHEID

Ons fokus steeds op die waarde van UITNEMENDHEID!
Bokkies moet hierdie kwartaal aanhou hard werk om "NET HUL BESTE" te gee!
Onderwysers is steeds op die uitkyk na leerders wat hul beste gee, veral wanneer jy dink ander dit nie raaksien nie!

#onsSOEKnetDIEbeste

## REÜNIE



# TOETSREEKS

Graad 4 tot 7 begin die 15de September met hulle toetsreeks.
Baie sterkte met die voorbereiding. ♥

# E-LEER

Ons is baie opgewonde oor die nuwe pad wat Laerskool Koue Bokkeveld saam met Occulus IP Wireless begin stap het. Ons waardeer besighede wat betrokke by ons skool wil raak ten voordeel van ons leerders.

# BUITELUGSKOOL

MELKBOSSTRAND

Ons gaan hierdie jaar na 'n nuwe buitelugskool. Ons is baie opgewonde oor hierdie geleentheid.

- **PLEK: MELKBOSSTRAND**
- **KOSTE: R960 PER LEERDER**
- **DATUM: 12-14 NOVEMBER**
- **WIE: GRAAD 5 TOT 7**

Kampgeld kan van vandag af in die skool se rekening inbetaal word. Stuur asb. die bewys van betaling aan u kind se registeropvoeder.

# ENTREPRENEURSDAG

Ons Gr7s het entrepreneursdag gehou op 25 Augustus. Dit was 'n reuse sukses. Baie dankie vir elke persoon wat die dag ondersteun het.




# SPORTNUUS

20 Junie het van ons juffrouens hul netbaltoetse afgelê vir skeidsregting. Na 'n lang gewag het ons die uitslae gekry.

Baie geluk aan die volgende juffrouens met hul uitslae:

Juf. Christi King (vlak 1)
Juf. Sumi de Wet (vlak 1)
Juf. Frieda Steenkamp (vlak 1)
Juf. Lize de Beer (vlak 3)

---

4 September is die laaste netbalwedstyd. Die dogters kan van 8 September hul netbalklere skoon terugbring na juf. Lize

---

9 September is die wintersport afsluiting.

# LENTEDAG

*1 September 2025*
Maak vir jouself 'n blommekroon/-krans, trek gewone klere aan!
Maak 'n R5-donasie by jou prefek.
Daar sal pryse wees vir die oorspronklikste krone/kranse.

# 0.11 TENNIS TOERNOOI



Hierdie 6 manne speel 12 en 13 September 2025 in die o.11 PAARL PRIMERE SEUNSKOOL tennistoernooi in die Paarl.

GEE JULLE BESTE

Vlnr: Zack, Christopher, Cassie, Frans, Sebastian en Du Toit.

# ERFENISDAG

Ons vier Erfenisdag op die 23ste September!
Trek trots Suid-Afrikaans aan.

# COURTRAI TENNIS TOERNOOI



Ons top 8 neem 5 en 6 September 2025 deel aan die jaarlikse COURTAI TENNISTOERNOOI in die Paarl. Skole wat deelneem is onder andere Hermanus, Beaumont, Wesbank, Lutzville, Paarl Gim, Ashton, PSS en natuurlik Courtrai self. Ons sien uit daarna om weer by Picardie tuis te gaan. Pak in die swembroeke!

Op 13 September 2025 neem ons eerste tennisspan ook deel aan die RISING STAR in STELLENBOSCH.

# PRE-R EN GR R




Die pre graad R en R klas hou hierdie jaar hulle eerste OUMA & OUPA KUIER-OGGEND op 19 September 2025. Gaste kan uitsien om al die diere in die oerwoud te sien optree. Daar gaan ook lekker aktiwiteite wees om saam met hul kleinkinders te doen.

Dieselfde optrede gaan op 3 September 2025 dien as 'n oefen-lopie wanneer die klasse CERES TUISTE besoek. Die hele skool is hard aan die werk om vir elke inwonder 'n blom uit papier te maak. Inwoners sal ook bederf word met beskuit en 'n oulike boekmerkie.

BAIE DANKIE aan ons klasverteenwoordigers en ouers vir julle aandeel in die sukses van hierdie projekte..

# STILBAAI SPORTTOER

8 Augustus het ons 08:00 vertrek vanaf die skool na Jongensfontein.
Op pad het ons gestop by Buffelsjag en lekker roosterkoeke geëet.
By Jongensfontein het ons lekker roomys geëet, gebraai en die seelug net geniet.

Saterdag oggend was ons vroeg uit die vere om die sportdag by Laerskool Bertie Bernard aan te pak.
Dit was lekker om ander skole ook te ontmoet en teen hulle wedstryde te speel. Baie geluk aan elke speler wat hulle beste gee het en so goed gevaar het.
Baie dankie vir elke ouer en afrigter wat 'n aandeel gehad het in hierdie lekker toer! Dankie vir ons drywers wat ons veilig tot daar geneem het en weer veilig terug gebring het.
Ons sien uit na volgende jaar!

# GRAAD 4-OPEDAG

Alle voornemende Graad 4-ouers word uitgenooi om die inligtingsoggend by te woon.

- Datum: 17 Oktober
- Tyd: 09:00
- Plek: Laerskool Koue Bokkeveld se biblioteek

Ons sien uit om u te ontvang!

RSVP asb by Juf. Rolien - 061 645 5810

# ERKENNINGSAANDE

Ons jaarlikse erkenningsaande vind op die 2de en 3de Desember plaas.
Graad 1 tot 7 moet almal skoolskoene aanhê vir die geleentheid.
Maak asseblief vroegtydig seker dat u kind wel skoene het.

# LEIERSKAPONTWIKKELING

Ons is baie trots om te sien hoe mooi elke Bokkie se leiereienskappe ontwikkel! Elkeen het teen hierdie tyd al 'n beurt gehad om as klaskaptein te dien. Die oorgawe waarmee klaskapteine optree, is verstommend. Hou so aan!

# DISSIPLINE

Vanaf 2026 sal ons hele skool ClassDoJo gebruik!

Wat is ClassDoJo?

ClassDojo is 'n gratis, aanlyn platform en toepassing wat skole en ouers help om met mekaar te kommunikeer en leerlinge se gedrag, vordering en aktiwiteite sigbaar te maak. 🎓📲

- Vir onderwysers: Hulle kan punte gee vir goeie gedrag, deelname en ander positiewe optrede, asook boodskappe en foto's van klasaktiwiteite deel.
- Vir ouers: Hulle kan dadelik insien hoe dit met hul kind in die klas gaan en direk met die onderwyser kommunikeer.
- Vir leerders: Hulle sien hul eie vordering, kry erkenning vir goeie gedrag en kan deelneem aan klasgemeenskapsaktiwiteite.

**Get the free app!**

**ClassDojo**
Available on iOS and Android

**Download app**

**Laai solank hierdie toepassing af en raak vetroud met die werking daarvan. Moet nie die "plus" opsie kies nie.**

# GRAAD 7

Ons vier erfenis en Pretdag op die 23ste September!




# KLEURE ATLETIEKVERGADERING

## 15 OKTOBER

Die Graad 7's en hul ouers hou om 18:00 atletiekvergadering by die skool. Dink solank aan idees en bring dit saam!

# KARAKTERKAMPIOENE

Die volgende leerders is verkies as Karakterkampioene. Julle Bokkies maak ons trots!

Graad 1: Mheeké Primo vir leergierig en pligsgetrou.

Graad 2: Nadie Burger vir getroue werker.

Graad 3: Andrea Tomlinson vir hardwerkend-heid.

Graad 4: AJ Koopman vir 'n ywerige klaskaptein.

Graad 5: Frans le Rouz vir hulpvaardigheid.

Graad 6: Iva Watkins vir harde werker.

Graad 7: Lukas Fabricius omdat sy entoesiasme aansteek is in die klas.

# KUNSTEKAAP UITSTAPPIE











































# STILBAAI TOER





# ROCCO DE VILLIERS

## 1 OKTOBER 2025

NG KERK OP-DIE-BERG | 19:00
R300 PP
KAAS-EN-WYN

PASCH creative foods

## LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD 60 JAAR - REÜNIE

*Kom kuier saam!*

60 JAAR HERDENKING
1965 - 2025

LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD

NET DIE BESTE

Koop jou kaartjie hier.

Quicket EXPERIENCE AWESOME

www.laerskoolkbv.co.za